# KAMMANUUS

KAMMASTORIES UIT KAMMALAND

'n Publikasie van Onsdorp.com No 512


## TOULEIER VAN YADE TOT HENNENMAN





Hallo julle, die enigste tyd wat Kammanuus ernstig raak is wanneer ons oor honger kinders praat.

Dis al amper by die twintig jaar wat Kammanuuslesers gereeld bygedra het tot ons kinderfonds. Ons het al groot bedrae bedrae ingesamel.Gedurende die tyd wat Tony Clegg (Johnny se broer) oorsee gewerk het, het hy altyd hierdie tyd van die jaar genoeg geskenk sodat die behoeftige kleuters van die Vrystaatse dorpie Hennenman elke jaar 'n onvergeetlike Kersfees kon geniet!



SERTIFIKAAT VAN ERKENNING

Hiermee gee Hennenman Helpende Hand tak graag erkenning aan

Kammanuus Lesers

Redakteur: Ons Dorp

vir volgehoue ondersteuning aan die tak tot opbou van Hennenman se gemeenskap.

Ontvang hiermee ons opregte dank en waardering.

SOLIDARITEIT HELPENDE HAND

DEEL VAN DIE SOLIDARITEIT BEWEGING

Eers het ons fondse ingesamel vir die arm bejaardes van Bloemfontein (YADE) vir huisvesting. Tot ons uitgevind het die vrou wat dit namens ons moes uitdeel, ons bedonner het.

Daarna het ons oorgeskuif en Solidariteit se Helpende Hande bygestaan in Hennenman. Ek was self daar een jaar en kan getuig dat ons bydrae hoewel min, tog baie waardeer word. Soos die sertifikaat vanaf Helpende Hande en die foto's duidelik getuig.

Ek moes egter onlangs aan Nicolene Minnaar 'n boervrou naby Hennenman, wat nou betrokke is by hulle kosblikkie projek, skryf en verduidelik dat dit dalk die laaste keer sal wees hierdie maand.

Hier is haar antwoord: *Hennie, elke keer wat julle ons gehelp het, was dit vir ons 'n geskenk! Ons sal julle ewig dankbaar wees vir elke sent, want dit het vir ons (en vir die mammas en babas) so baie beteken!!! - Nicolene*

Die treurige feit is dat ons fonteintjie stelselmatig begin opdroog het. Daar is nou nog net so twee of drie skenkers. Ek moet gereeld uit eie sak seker maak dat ons die beloofde minimum van 'n duisend rand waarop hulle staatmaak, oorbetaal elke maand.
Ek besef ook hoe moeilik dit geraak het om nog ander ook te help terwyl dit al hoe duurder word om self te oorleef. Dit is hoekom ek nie aanhou bedel het nie.
Dit het dus miskien nou tyd geword om stelselmatig die aftog te blaas tensy julle met 'n ander plan tevore kom.
Dankie aan almal wat so mooi gehelp het in die verlede!
Intussen sal aanhou oorbetaal wat inkom al is dit daai laaste tien rand wat die ouma van tagtig in die Noord Kaap en Quintin van Pretoria nog so gereeld vir my aanstuur.



Groete,

*Hennie en Annabelle*




# MELK KOS !



In ons huis is trooskos saans 'n groot bord melkkos of Sago-poeding! Omdat my klets-spasie min is hier op Kammanuus gaan ek vandag nie gesels nie maar sommer dadelik induik en die resepte hiervoor met jul deel! Albei is vinnig, lekker en Mikrogolf-maklik en ek gebruik my Argilla bak!

Mikro Melkkos

BESTANDDELE

- 1 liter melk
- 2 ml sout
- 180 ml koekmeel
- 15 ml botter of margarien
- kaneelsuiker

METODE

Mikrogolf die melk vir 10-minute in die Medium Gourmet Roaster. ( jy kan 'n gewone glasbak of mikrobak gebruik! ) Meng intussen die koekmeel en sout (ek sit dikwels net so 'n teelepeltjie suiker ook by). Vryf die botter met jou vingers in die meel in. Voeg die meelmengsel by die warm melk. Klits met 'n draadklitser totdat klontjies vorm. Mikrogolf dit vir 'n verdere 4-minute op hoog. Bedien dadelik – sprinkel met 'n bietjie lekker kaneelsuiker.




(Retha vervolg) Mikro-sago poeding.

BESTANDDELE

- 250 ml sago
- 1,5 liter melk
- 250 ml suiker
- 'n knippie sout
- 1 eetlepel margarien of botter
- 3 eiers, geskei
- 1 t vanieljegeursel
- appelkooskonfyt

## FEIT SOOS 'n





**Die Mensdom is Deuterostome. Dit is omdat die eerste opening wat hulle binne die baarmoeder ontwikkel, die anus is. Dit beteken dat op 'n vroeë stadium, die mens basies net 'n poephol is. Party ontwikkel nooit verder nie.**

METODE

Week die sago vir 3-4 uur in 500 ml melk. Mikrogolf 1 liter melk, sout en margarien vir 10 minute op Hoog. Klits intussen die eiergele en suiker tot romerig. Voeg die geweekte melk-sago-mengsel by die gekookte melkmengsel en meng goed. Mikrogolf dit op Hoog vir 5 minute. Haal uit die mikrogolf en roer goed. Mikrogolf dit vir nog 5 minute en roer weer goed. Voeg nou die eiergeelmengsel by en roer goed. Mikrogolf dit op Hoog vir 5 minute en roer weer goed. Klits die eierwitte styf. Vou die styfgeklopte eierwitte en vanielje liggies in. Laat staan vir 15 minute om te stol. Blop appelkooskonfyt hier en daar.

Lekker eet!

Mooi groetes

Retha



# BRIEF UIT BELGIË (Vervolg)




## Elsbeth Verhoeven

Die ou wat ons getrou het was in België om kinderevangelisasie te doen en om Bybels te versprei. Hy kon gebruik maak van die Don Boscoklooster se kerk in Oud Heverlee. Sy naam was Vernon Louw. Dalk ken een van julle hom. Hy is al oorlede. Hy het op 'n stadium die Kainosleer winkel in De Wet Sentrum besit. Op Vleesbaai het hy 'n huis waar hy elke jaar die Stranddienste gelei het.

Sy skoonseun gaan nou voort daarmee. Dit is ook daar (België) waar ek vir Henriette Hugo leer ken het (nou Saindon) Net nadat ek getroud is, is ek na OM wat staan vir Operasie Mobilisasie. Ek was in die Arab World Team. En na 'n week in Zaventem was ek uitgeplaas na Amsterdam waar ek vir 'n paar weke moes gaan evangelisasie werk doen onder die Moslems. 'n Baie interessante ervaring. Ek en 'n Hollandse meisie was ook uitgenooi na 'n Turkse familie waar hulle vir ons iets spesiaals gaargemaak het. Om die vet op die deeg te smeer het hulle van 'n bokpoot gebruik gemaak. Dis amper soos 'n pannekoek maar stewiger soos 'n "roetie", spelling natuurlik nou verkeerd. Dan kom daar kaas in. Heerlik. Elke keer as ek in Turkye kom gaan soek ek 'n plek waar hulle so op die vloer sit en dit voorberei.




In Augustus het ons besluit om na Bologne te vlieg om 'n bietjie die stad te gaan verken. Ons het omtrent die stad plat gestap en interessante klein stegies en eetplekkies besoek. Ons het by die lughawe 'n kar gehuur en in die buitewyke van Bologne tuisgegaan.Die kleure van die geboue was vir my baie spesiaal. Ek het selfs die Suid-Afrikaanse Ambassade daar raakgeloop. Op een plein was 'n swart man wat rondgestap het met boeke oor Nelson Mandela wat hy aan toeriste probeer verkoop het.

Na 2 dae het ons in die rigting van Baragazza gery, oppad soontoe het ons by 'n baie klein dorpie gestop met so 2 strate. Daar was 'n restaurant waar die mense net Italjaans kon praat. Hul seun is geroep en hy het toe verder gekommunikeer. Hul besluit toe om vir ons al die kosse van die streek voor te berei. Daar was oa 'n plat langwerpige vetkoek en saam met dit eet jy al die verskillende kase wat van die streek kom en vleis. Die plek se naam was Al Botteghino. Dit is al 100 jaar in dieselfde familie. Die kos was ook myle te veel. Geen van hul disse kos meer as 11 euro nie.

Uiteindelik kom ons toe in Baragazza aan. Ons het in 'n baie groot huis gebly by 'n vriendin. Haar naam is Manola Celli. Sy is gebore in België, haar ouers het na Kanada verhuis en sy het grootgeword in Italië by haar ouma en oupa. Toe haar ouma dood is (wat
gewoon het in Baragazza) het sy en haar broer al die eiendomme ge erf. Van al die eiendomme wat daar was wou sy net die huis in Baragazza hê. Dit het 'n lekker groot tuin. Dis 'n dubbelverdieping en het 5 slaapkamers. Al die mense van die dorp ken haar. Ons het aan en af 7 dae by Manola tuisgegaan. Daar was nog ander Suid-Afrikaners wat ons geken het. Ons vriend van Mexico was ook daar met sy 2 seuns uit Pretoria. Die oudste seun is in Italië gebore en dit was die eerste keer dat hy eintlik Italië gesien het. Hy is vernoem na die Arno rivier wat deur Florence loop. Nie ver van Baragazza is daar 'n dorpie wat 'n Commonwealth begraafplaas het en daar is meer as 400 Suid-Afrikaanse soldate begrawe van die 2de wêreldoorlog. Die plek word baie mooi in stand gehou. Die jongste soldaat was 15 jaar oud. Die begraafplaas is teen 'n heuwel en het 'n fantastiese uitsig. Daar is ook 'n register van al die name in een muur met hul families se agtergrond. By die monument is daar selfs ook kommentaar gelewer op 'n plaat in Afrikaans. Die plek se naam is Castiglione. Langs die register staan geskryf op 'n plaat "Om Die Mensdom Te Dien Het Jul Veiligheid Versmaad". Volgend maand



meer….**Elsbeth Verhoeven**

## 15 jaar se KOSBLIKKIE PROJEK: HELPENDE HANDE - HENNENMAN

Indien jy graag wil help sorg dat ons voortgaan met ons hulp aan Hennenman se swaarkry kinders, stuur asb. 'n gereelde maandelikse bedraggie na die volgende rekening:

**HJ Greeff FNB Spaarrekening: 60379199926**

Merk jou betaling **HULPFONDS** asb.

# Dié Maand se Giggels
















# SPREEKWOORDELIKS

## Spreuke, Spreekwoorde en Idiome.

Een bevat altyd 'n sedeles, die ander 'n stukkie waarheid of wysheid en die derde een het 'n dieper betekenis by die waarheid. Besluit jy watter een is watter

**Daalder: Dis 'n bietjie (darem) te dik vir 'n daalder** (dis te erg; dis te duur)

Die oorsprong van geldname is vandag nie meer algemeen bekend nie: Die dollar se naam, byvoorbeeld, kom van Joachimstaler, die dorp Joachimstal in Duitsland waar silwer ontgin is en die munt in 1519 die eerste keer geslaan is. Die Joachimstaler het kortweg die thaler geword, in Engels die dollar, en in vroeëre Afrikaans (uit Nederlands) die daalder. As 'n munt dikker as die daalder was, was dit nie eg nie – en by uitbreiding dus te erg om te glo dat dit die ware Jakob is.




**Dawid: Iemand wys waar Dawid die wortels gegrawe het** (iemand berispe, 'n les leer)

Dawidjieswortel of dawidjiewortel is 'n plantsoort wat giftig is vir diere. As jy nou vir iemand wys waar dawidjiewortel gegrawe (of begrawe) is, kan dit beteken dat jy hom waarsku dat hy met gif speel deur so parmantig of aanmatigend op te tree dat dit nodig is dat jy hom moet berispe. Die woord (en plant) dawidjiewortel is redelik onbekend, en is waarskynlik daarom vervorm tot die frase Dawid die wortel.

**Disnis: Iemand disnis werk, loop, speel, hardloop** (iemand vêr wen)

Vervorming in die volksmond van distance – 'n renperd moes met meer as 100 treë wen om met 'n "distance" te wen, wat toe disnis in Afrikaans geword het.

**Doepa: 'n Meisie doepa ingee** ('n meisie met behulp van medisyne op jou verlief laat raak)

Doepa is 'n soort poeier wat Maleiers in hulle huise en moskees brand vir die aangename reuk wat dit afgee – en wat volgens bygeloof 'n toormiddel is. In Maleis beteken dit "wierook".

**Donkiejare: Donkiejare laas (baie lanklaas)**

Hierdie donkiejare is 'n vertaling van 'n flater wat reeds in die Engelse weergawe sit. Die uitdrukking lyk nou onlogies aangesien die jare van 'n donkie nie noodwendig so lank is as wat mens sou dink nie. In Engels is dit beslis donkey's years, maar dit was oorspronklik as long as donkey's ears, dus so lank as die ore van die donkie. Dit het reeds daar verbrou geraak tot donkey's years, en ons het blindelings in Afrikaans vertaal.




**Dooiemansdeur: Aan dooiemansdeur klop** (die huismense nie tuis kry nie; iemand tevergeefs om hulp vra)

Die Nederlandse vorm is aan dove mans deur kloppen, en dit het beteken om te klop maar nie gehoor te word nie omdat die inwoner doof is; die dooiemansdeur is dus 'n verbrouing van dowemansdeur.





Dokter Lambrechts vertel verder dat die ou mense later besluit het om maar die plasie te verkoop en dorp toe te trek. Daar het dit nie goed gegaan met die oom nie. Die niksdoen het hom aan die drink gesit en die tannie het maar swaar gekry. Net dokter kon haar 'n bietjie bystaan.

Dan bel sy om te vra of hy nie tog weer kan kom praat nie. Nou ja, hy lees vir die oom die leviete voor en Tant Sienie bel hom om te bedank.

"Dankie tog, dokter, dis net vir jou dat hy luister en ophou met die drinkery."

"Nou hoe lank dink tannie sal dit nou help?"

"Dokter, nee, ten minste drie weke."





Dan was daar oom Nasie van Pearston wat altyd vol klagtes was. Hy was nou wat mense sê "aantreklik". Die tannie vra dat dokter tog dadelik na die oom kom kyk. Hy luister eers mooi oor die telefoon voordat hy die hele pad na die plaas uitry. Maar tant Breggie huil so bitterlik dat hy besluit om alles te los en te gaan kyk na die oubaas.

By die huis hoor hy van die voordeur af die snikke in die slaapkamer. Albei die ou mense huil. Nasie lê in die bed en sy sit langs hom. Snot en trane.

"Nou wat gaan hier aan? Kalmeer nou eers en sê my wat die probleem is."

"Nee, dokter, ek huil omdat Nasie so droewig is."

"Nou ja, maar waarom huil jy dan so Naas?"

"Dokter ek huil omdat sy so huil."

Red nou 'n volk!

# AS JY WEET VAN WIPGATMIER EN PYLSTERTMOT

Die name waarmee ons ’n kind, troeteldier of spesie opsaal, is meer karakteriserend van die naamgewer as van die benaamde, wat meestal geen sê in die saak het nie.

As jou ouers vurige Ossewabrandwag-aanhangers was en jou Adolf Hitler van der Merwe gedoop het, is daar nie veel wat jy daaraan kan doen nie behalwe om dit te laat verander!

Vir my is dit opvallend hoe onbeholpe en verward ons Afrikaanse diername uitgekom het. Dink maar aan “tier” (vir luiperd), “wolf” (vir hiëna), “dassie” (van “Dachs”) en ander mistastings.

Om nie eens te praat van “kameelperd”, “seekoei”, “meerkat” of “gemsbok” nie. Sommige is darem oorspronkliker en beskrywender, soos “kringgat”, “swartwitpens” en “springbok”, of die klanknabootsing van “kiewiet”, “hadida” of “kwagga”.

Die heel ergste is die skepping van sommige moderne, gekunstelde pseudo-wetenskaplike populêre name wat geen volksmond ooit gesmaak het nie. Daardie “rooistreep-witbors-gespikkelde- Hoëveldse-drietoon-”...

Wat ook opvallend is, is die kontras met bogenoemde as ’n mens by die klein diertjies kom. Hier is ons name oorspronklik en plein oulik.

Ek het ’n teorie daaroor. Ek dink dié diertjies is meestal benoem deur die veewagtertjie-kinders wat hulle in die veld en naby die grond raakgesien het, en nie deur hul “expat”-Dietse ouers nie.

Sommer beginnende by “gogga, goggo of goggerasie” wat nuttige beskrywings is vir alles wat kruip, kriewel en min of meer grillerig is. Ongelukkig sterf baie van hierdie skeppings al weer uit as gevolg van ’n gebrek aan veewagter-kinders.

Wie weet nog van ’n “joelie” (mierleeu), “huitjiehu” (opblaas-sprinkaan), “eukelderm” of “gonja” of “baardskeerder” (roman- of jagspinnekop) en waar dié kostelike name vandaan kom?

Gelukkig is baie van ons inheemse skeppings tog goed ingeburger.

“Toktokkies” klop net hier by ons en is volksbesit. “Hottentotsgotte” (wat blykbaar nie meer polities korrek is nie), “oogpister”, “agtermekaarbesies” en “rooinekke” doen hulle dinge hier by ons, elkeen na hul aard.

Baie van ons gogganame is so kenmerkend beskrywend dat jy hulle dadelik herken. As jy dinge soos ’n boktor, koffiepit, pylstertmot, wipgatmier, ystervarkie of bondeldraer eers een keer gesien het, besef jy hy kan geen ander naam hê nie.

Het jy al sonbesies in die Kalahari-son gehoor en langasempies in die nag?

Doodhouertjies, matabelemiere, kniptorre of miskruiers deur hulle passies sien gaan?

Toonbyters, sweetbye en warmassie aan jou lyf gevoel?

Trap suutjies.

Jy is in Suid-Afrika

# AGTEROS

## IS DAAR LEWE NA HAAS DAS?

Dana Snyman



Dinsdagmiddae net na ses was dit Haas Das. Donderdae was dit World at War. Saterdae Columbo. Sondag-aande was die kerk leeg, want dan het ons saam met Jacques Cousteau die wêreld onder die see verken. Ek praat van die beginjare van TV in die land: die middeI sewentigs. Stevie Ferreira-hulle was die eerste mense op ons dorp, wat 'n TV-stel gekry het - 'n Barlowvision, met 'n 77 cm-skerm. Pal colour. Al ons laaities was die middag by toe Beares bakkie die stel by Stevie-hulle se Spaanse huis in 3de Straat kom aflaai het. Stevie se pa dit aanskakel, het ons stil geraak en na daardie veelkleurige toetspatroon op die skerm gestaar asof dit die Kleed van Turyn is. Ons het daardie middag maklik 'n uur lank toetspatroon gekyk. Stevie se ma, 'n tannie met tamaaie goue oorbelle, het later in die deur kom staan. en gesê: Julle outjies moet kom koekies kry. Netnou, antie het ons gemompel, Netnou, en bly sit. 'n Maand of wat later het die Beares bakkie vir ons ook 'n TV gebring - 'n Sony, ma 54 cm-skerm. Van toe af was niks meer dieselfde nie. My ma het ons eetkamer in 'n TV-kamer omskep, en saans het ons stir-fry op ons nuwe TV-trays voor die TV geniet. Ons het nie meer Scrabble gespeel of na die aandstorie oor die radio geluister of tot laat op die grasperk gelê en kyk hoeveel satelliete ons kan sien nie.

Ons het ook nie juis meer saans by die bure gekom nie. Of hulle by ons nie.

Wanneer die bure wel by ons kom kuier het, het ons almal saam voor die TV gesit met net een lig wat reg agter die TV brand want my ma het in die Radio en TV Dagboek gelees die gloeilamp agter die TV verhoed dat jou oë beskadig word. Soos goeie Calviniste het ons aanvaar TV-kyk moet skadelik vir jou oë wees. Ander mense het in die donker gekyk, ander het al die ligte in die vertrek laat brand.

En tussendeur het ek smiddae na skool my pa se ou reënjas begin dra en uit die hoek van my mond begin praat, nes my held Columbo. Die vroue het hulle hare Purdey-styl laat sny. Byna almal het hul nuwe honde Petrocelli of Boomer gedoop. Waldorf het sy kafee se imam van die Acropolis na die Dallas Hamburger Hut verander en Falconetti van Rich Man, Poor Man was 'n gemerkte man op ons dorp Op n dag in 1976 toe ons weer die TV aanskakel, marsjeer daar kinders deur Soweto se strate en steek geboue en motors aan die brand. Nou die dag kom ek toevallig of op 'n koerant van 15 Junie 1976, die dag voor die Soweto-opstande uitgebreek het. Die hooffoto op elke voorblad is nie van padblokkades, doringdraad en woedende townshipkinders nie. Bo-aan die bladsy pryk David Carradine, held van Shane, die cowboyreeks op Woensdae. Onderaan lui 'n vet opskrif: "Gaan hy haar vanaand soen?" Die stil, sterk Shane se gesloer om die heldin te soen, het daardie jaar swaar op ons gemoed gele. Shane is later opgevolg deur Bonanza, met Lorne Green as Horse Cartwright. Soweto is opgevolg deur Sebokeng en Boipatong. Bobby Ewing is een Dinsdagaand doodgeskiet en ses maande later het hy uit die dood opgestaan in 'n stort in Southfork. Haas Das het die onderwerp van nostalgiese gesprekke laat in die aand geword en Trompie het Londen toe emigreer. P.W. het in 1989 sy vinger 'n laaste keer in ons rigting geswaai op Agenda en 'n jaar later het Madiba een Sondagmiddag uit die tronk gestap terwyl ons saam met Clarens Keyter warm kry. Toe verander Cliff Saunders in Snuki Zikalala, Sarel Seemonster in Zet, en Kolie van Coller in Felicia Mabuza-Suttle. Nou sal ons maar moet kyk wat van Riaan Cruywagen gaan word.

TOT VOLGENDE MAAND DAN!